Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

# **Parashah 7:** *Vayetze* ( ויצא ) – En Hy Het Gegaan.

*Ya'akov het uit Be'er-Sheva vertrek in die rigting van Haran.* Gen. 28:10 – PWL[1]

**Torah** : Gen. 28:10 tot 32:3.

**Haftorah:** Hosea 12:13 tot 14:10.

**Hernieude Verbond:** Matt. 3:13 tot 4:11; Joh. 1:43 tot 51; 1 Kor. 10:6 tot 11.

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 6 wat afgelaai kan word by: Parashah7Notas14 en by Parashah7Notas15.

*It is now possible to live a "Christian life" without doing the things that Yeshua commanded us to do. "We have hired people to go into all the world, to visit those in prison, to feed the hungry, to clothe the naked, to care for widows and orphans. The average Christian doesn't have to do it* – Cal Thomas.

*We are not called to perfect ourselves for the sake of ourselves. Rather, we are called to be separate from the world, and yet visible in the world. Our separateness in the world is defined for us by the Torah. As tzaddikim we should bring wisdom, light, life, justice, compassion, mercy, righteousness, and peace to the world around us* – Glenn McWilliams.

## Midrash (Torah Bespreking)

### Die Torah En Die Oorlewering Van Die Oudstes

Wanneer die Skrifte van die nuwe verbond, en veral die briewe van Paulus gelees word, moet ons besef dat daar in die tyd van Yeshua en die Apostels reeds 'n gewysigde en verdraaide siening van Torah bestaan het. Die Fariseërs, wat die begin van hedendaagse Rabbynse

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Judaïsme was, het reeds tot YHVH se Torah toegevoeg en weggeneem. Dit ten spyte daarvan dat YHVH deur Moses vir Israel beveel het om dit nie te doen nie!

*Julle mag by die boodskap wat ek julle beveel, niks byvoeg nie en ook niks wegvat nie, om die opdragte van יהוה, julle God, te onderhou, wat ek julle beveel.* Deut. 4:1 – PWL.

*Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie.* Deut. 12:32 – PWL.

Salomo bevestig dit:

*Elke woord van God is rein; Hy is 'n Skild vir hulle wat hulle vertroue in Hom plaas. Voeg niks by Sy woorde by nie sodat Hy jou nie teregwys en jy as 'n leuenaar gevind word nie.* Spr. 30:5 en 6 – PWL.

Die daaglikse praktiese toepassing van Torah volgens Rabbynse Judaïsme word *Halacha* (*Halakhah*) genoem – die Joodse leefwyse van Torah-gehoorsaamheid. Dit is die versameling van voorskrifte ('godsdienstige wette') wat afgelei word van die geskrewe Torah en die mondelinge Torah (Talmud). *Halacha* word ook beskou as die "Joodse wette". Dit is die verduideliking van gehoorsaamheid aan al die 613 *mitzvot*. In elke geslag het die Rabbies tot Torah toegevoeg en weggeneem. *Takkanah* (meervoud: *Takkanot*) is 'n verordening wat weens veranderde omstandighede of beter insig 'n wysiging van 'n bestaande voorskrif in die *Halacha* behels, of die toevoeging van 'n nuwe verordening. *Halacha* kan ook beskou word as die oorlewering van die oudstes (van die ou mense).

So lees ons byvoorbeeld in Matt. 15:1 en 2:

*Toe kom daar Fariseërs en leraars van die wet vanaf Yerushalayim, na Yeshua toe en sê: "Waarom oortree U studentevolgelinge die tradisionele wet van die oudstes en was nie hulle hande wanneer hulle brood eet nie?"* (PWL).

Volgens die Fariseërs en die skrifgeleerdes was hierdie oorlewering van die ou mense (tradisionele wet van die oudstes) gelykstaande aan Torah en moet dus onderhou word, want andersins sal die mens wat dit nie gehoorsaam nie, onrein word. Hierdie wet is egter *Halacha* en nie Torah nie soos Yeshua wel bevestig het:

*Verstaan julle nog nie dat alles wat in die mond ingaan, deur die maag gaan en in die privaatheid uitgewerp word nie?*
*Alle dinge wat egter uit die mond uitgaan, kom uit die verstand, wil en emosie en dit maak die mens onrein,*
*want uit die verstand, wil en emosie kom daar bose gedagtes: moord, egbreuk, seksuele immoraliteit, diefstal, valse getuienis en laster.*
*Dit is hierdie dinge wat die mens onrein maak, maar om met ongewaste hande te eet, maak nie die mens onrein nie."* Matt. 15:17 tot 20 – PWL.

Maar Yeshua het in hierdie gesprek ook 'n ander *halacha* gekritiseer toe Hy vir die Fariseërs en skrifgeleerdes die volgende vra:

*Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Waarom oortree julle selfs die opdragte van God ter wille van julle tradisionele wet?*
*Want God het opdrag gegee en gesê: 'Eer jou vader en jou moeder*[1] *en hy wat sleg praat van vader of moeder, moet die dood sterf,'*
*maar julle sê: 'Elkeen wat aan vader of moeder sê: 'dit wat u van my as voordeel kon kry, het ek as 'n offer gegee,' eer so nie sy vader of moeder nie.*

*Julle kanselleer die wette van God deur julle tradisionele wette.*
*Aannemers van die persoon, Yesha'yahu het reg oor julle geprofeteer toe hy gesê het:*
*'Hierdie mense eer My met hulle lippe, maar hulle verstand, wil en emosie is baie ver van My af.*
*Hulle aanbidding tot My is doelloos terwyl hulle leringe leer van die wette van mense'."*
Matt. 15:3 tot 9 – PWL.

Hierdie is 'n voorbeeld van hoe die Fariseërs die Torah gewysig het – weggeneem en toegevoeg het, want volgens hulle *Halacha* kon jy gevrywaar word van die vyfde gebod deur 'n geskenk (offergawe), gewoonlik in die vorm van eiendom, aan die tempel en die tempeldiens te gee. Hierdie is 'n voorbeeld dat *Halacha* bo die gesag van Torah gestel word.

So ook is Yeshua beskuldig dat hy die Shabbat oortree deur mense op hierdie dag gesond te maak (Luk. 6:7), want volgens *Halacha* is dit 'n oortreding (sonde). Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het die Shabbatsgebod kragteloos gemaak deur te sê dat jy nie op die Shabbat mag genees of goeie werke mag doen nie. Daarom het hulle Yeshua beskuldig dat Hy die Shabbatsgebod oortree. Hierdie beskouing oor Shabbat was egter strydig met wat Torah geleer het. Daarom het Yeshua hulle soos volg geantwoord deur na Hosea 6:6 te verwys:

*Maar as julle geweet het wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie, sou julle die onskuldiges nie veroordeel het nie; want die Seun van die mens is Meester óók van die Shabbat.* Matt. 12:7 en 8.

Die Shabbat is ook 'n dag waar ons die liefde van YHVH moet demonstreer deur ons goeie werke. Yeshua was ons voorbeeld en daarom het Hy ook op die Shabbat die siekes genees (Luk. 6:6 tot 11; Luk 13:10 tot 17; Joh. 5:1 tot 15; Joh. 9:1 tot 16). YHVH het behae in liefde en nie in offerande nie (Hos. 6:6). Ons bewys ons liefde vir YHVH deur die Shabbat te gedenk en dit af te sonder (te heilig).

*Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie moeilik nie* (1 Joh. 5:3).

Maar dan herinner Paulus ons ook daaraan dat *die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet* (Rom. 13:10). Ons moet ook Shabbat benut as 'n dag waar ons liefde aan ons naaste betoon. Dit is geoorloof om op Shabbat goed te doen (Luk. 6:9). Goeie werke is gepas op Shabbat.

**Bespreek of Bepeins**

1. Rabbynse Judaïsme het deur die eeue talle mensgemaakte wette by die onderrig en instruksies van YHVH gevoeg. Hulle is skuldig aan wetsverering (*legalism*), naamlik die verheerliking van die wet ten koste van vertroue, liefde en genade. Op die wyse het hulle van Torah 'n las gemaak en het hulle die doel van Torah ondermyn.

   *Want hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra, en sit dit op die skouers van die mense, maar self wil hulle dit nie met hulle vinger verroer nie.* Matt. 23:4

   Dit is in die lig hiervan wat die woorde van Yeshua in Matt. 11:28 en 29 ook gesien moet word:

   *Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig.*

Op welke wyse is die 'Torahjuk' van Yeshua ligter? Onthou met die folterdood en opstanding van Yeshua het daar 'n verandering in die Torah van Moses gekom (Heb. 7:12). Onthou: Yeshua is die middelaar van 'n beter verbond wat op beter beloftes gegrond is (Heb.8:6). In die verband beveel ek die artikel van Ina van Niekerk aan, naamlik: 'Die Torah van die Messias' wat afgelaai kan word by: Die Torah Van Die Messias Finaal**.**

2. Hoewel die *Halacha* baie waarheid en wysheid bevat, moet ons die gevaar besef dat geestelike babas nie altyd die vis van die grate sal kan skei nie. Hoekom wil mense so graag by die Rabbies leer terwyl ons weet dat hulle tot hede steeds by YHVH se Torah byvoeg en wegneem? Is Yeshua en die Afgesonderde Gees dan ondergeskik aan Rabbynse Judaïsme as leermeester? Laat ons ook die woorde van Yeshua onthou toe Hy gesê het:

*Maar julle, laat julle nie 'my groot een' (leermeester) noem nie, want daar is net Een wat Groot is en julle is almal broers.*
*Julle moenie julleself op die aarde vader noem nie, want een is julle Vader: Hy wat in die hemel is.*
*Julle moet julle ook nie leiers laat noem nie, want een is julle Leier: Die Gesalfde Een.*
*Hy wat groot is onder julle moet julle dienskneg wees*
*en enige een wat homself verhoog, sal verneder word en wie homself verneder, sal verhoog word,* Matt. 23:8 tot 12 – PWL.

**Nou sal ek YHVH loof!**

*Sy is weer bevrug en het geboorte gegee aan 'n seun en gesê: "Nou sal ek יהוה loof en dank met uitgestrekte hande." Sy het hom daarom Y'hudah genoem. Sy het opgehou om kinders te hê.* Gen. 29:35 – PWL.

Met die geboorte van Lea se laaste seun, wat sy Juda (*Y'hudah – lofprysing*) genoem het, het sy gesê: *Nou sal ek YHVH loof en dank met uitgestrekte hande*.

Dit is gebruik by Torah-gehoorsame Jode om die dag te begin met die woorde *Modeh Ani....* wat beteken *Ek is dankbaar vir...*! Indien ons besef dat dit wat ons het – ongeag hoe baie of hoe min dit is – uit die hand van die Vader is, dan sal ons ook YHVH loof en dank met uitgestrekte hande. Dan sal ons dit wat ons uit Sy hand ontvang tot Sy eer gebruik!

Die geskenk verbind die gewer aan die ontvanger, en dankbaarheid verbind die ontvanger aan die gewer. Dit is 'n twee-rigting-verhouding!! Ons voortdurende dankbaarheid vir alles wat ons het, verstewig ons verhouding met ons Vader! Dit is bevestiging dat Hy die gewer van alle gawes is (Jak. 1:17)!

Byvoorbeeld: Indien ek besef dat YHVH my 'n mond gegee het, dan sal ek met dankbaarheid slegs my mond gebruik om die goeie te sê en nie om mee kwaad te spreek nie! Met die woorde van my mond verbind ek my aan YHVH of aan Satan. Kwaadspraak is om ondankbaar te wees vir YHVH se goeie gawe van 'n mond.

*Praat met julleself in psalms, lofliedere en liedere van die Gees en sing in julle gedagtes, wil en emosie tot יהוה. Gee altyd dank tot God-die-Vader vir almal, in die Karakter en Outoriteit (Naam) van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een en wees aan mekaar gehoorsaam in die liefde van Die Gesalfde Een.* Efes. 5:19 tot 21 – PWL.

*Gee dank in alles, want dit is die wil van God, in eenheid met Yeshua, Die Gesalfde Een, in julle.* 1 Thess. 5:19 – PWL.

Yeshua is uit die stam van Juda (יהודה – *Y'hudah*) en hierdie naam bevat al die letters (*yod, he, vav, he*) van die Naam van God (יהוה – Yahuah) plus 'n *dalet* in die middel. Die piktogram van *dalet* is die van 'n 'hangende' tentdeur. Dit is 'n sinnebeeld dat die 'deur' tot YHVH deur Juda gekom het. Yeshua is uit die stam van Juda en Hy is die Weg na die Waarheid wat Lewe gee (Jak. 14:6).

Die geboë vorm van die *dalet* simboliseer ook die van 'n behoeftige persoon wat gebuk gaan. Die Hebreeus vir *'n verarmde* ('n behoeftige) is *dalut*. Toe Yeshua gesê het: *Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele* (Matt. 5:3) het Hy verwys na diegene met 'n nederige gees, want hulle is kosbaar voor YHVH (1 Pet. 3:4). Elkeen wat homself verneder as 'n geestelike behoeftige sal deur YHVH verhoog word (Matt 23:12).

Om YHVH te loof en te dank met uitgestrekte arms is om in nederigheid erkenning te gee dat ons in alles van Hom afhanklik is en dat elke goeie gawe Sy onverdiende guns is.

*Wees versigtig dat jy יהוה, jou God, nie vergeet deur Sy opdragte, Sy wette en Sy reëls wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie*
*sodat jy nie miskien, wanneer jy geëet het en versadig is en mooi huise gebou het en daarin bly,*
*wanneer jou beeste, jou kleinvee, jou silwer, jou goud en alles wat jy het, vermeerder het*
*dat jou denke, wil en emosie trots word en dat jy יהוה, jou God, vergeet wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het,*
*wat jou deur die groot en verskriklike wildernis gelei het, deur giftige slange en skerpioene en 'n dorsland sonder water; wat vir jou water uit die harde rots laat kom het;*
*wat jou in die wildernis met 'man hu', wat jou vaders nie geken het nie, gevoed het, om jou nederig te maak en jou te toets, om jou ten einde goed te doen*
*en jy in jou verstand, wil en emosie dink: 'My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verkry,' nie, maar*
*onthou יהוה, jou God, want dit is Hy wat jou krag gee om rykdom te verkry sodat Hy Sy verbond kan bevestig, wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het, soos dit vandag is.*
*Dit sal wees dat as jy ooit יהוה, jou God, sal vergeet en agter ander gode aanloop, hulle dien en voor hulle neerbuig, dan getuig ek teen julle op hierdie dag dat julle vernietig sal word tot uitwissing,*
*soos die nasies wat יהוה voor julle uit vernietig, so sal julle omkom omdat julle nie na die stem van יהוה, julle God, geluister en dit gedoen het nie.* Deut. 8:11 tot 20 – PWL.

YHVH het ons Sy seun gegee wat die 'kommunikasiekanaal' (die leer) tussen die hemel (YHVH) en die aarde (die mens) is. Yeshua het dit bevestig toe Hy aan Natanael gesê het: *"Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê dat julle van nou af sal sien hoe die hemel oopgemaak word en die engele van God wat opgaan en afgaan op die Seun van die mens."* Joh. 1:52 – PWL. Daarom moet ons, soos Lea, die Vader altyd loof en dank met uitgestrekte hande!!

**Bepeins of Bespreek**

1. Het jy 'n *attitude of gratitude*? Onthou: *We make a living by what we get; we make a life by what we give* (Sir Winston Churchill). Daar is altyd iemand wat minder as jy het! Daarom het elkeen van ons altyd rede tot dankbaarheid!

2. *It is not pleasure that makes life worth living. It is life that makes pleasure worth having* – George Bernard Shaw.
3. *Life is what man makes of it, no matter of what it is made* – Leo Gartenberg.

-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is* (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*